Bose geeste en Demone

G. J. Du Preez 072 1876 076

Voor ons begin kan ons vra: Het YAH die bose geskep;Behoort dit aan YAH ?

In die Skrif lees ons in *1 Sam. 19:9 Maar 'n bose gees van YAH het oor Saul gekom... 2 Kron. 18:21 En hy sê: Ek sal uitgaan en 'n leuengees word in die mond van al sy profete...Jes. 37:7 Kyk, Ek sal 'n gees in hom gee... 1 Joh 4:6 Ons is uit VADER; hy wat VADER ken, luister na ons; hy wat nie uit VADER is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling. Jak 4:5 Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon? Joh 3:34 Want Hy (YAHUSHA) wat VADER gestuur het, spreek die woorde van VADER; want VADER gee Hom die Gees nie met mate nie. Luk 24:39 Kyk na My hande en My voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie. Eseg. 13:2 En in dié dag, spreek YAH van die leërskare, sal Ek die name van die afgode uit die land uitroei, sodat aan hulle nie meer gedink sal word nie; en ook die profete en die onreine gees sal Ek uit die land laat wegtrek.*

Bo het ons nou gelees van verskillende geeste en hoe hulle op verskillende maniere voorkom. Wat baie belangrik is, is om te besef dat daar 'n verskil is tussen demone en bose geeste. 'n Demoon is 'n baster nageslag van 'n Seun van VADER. Dit is iets misvormd en 100% gekant teen YAH se skepping. Dit kan homself nie manifesteer in iets anders as wat dit is nie. 'n Bose gees is die teenoorgestelde as 'n demoon; Hulle is gewoonlik baie mooi, slim en sterk; Hulle kan in alle vorme manifesteer. 'n Bose gees is 'n skepping van YAH wat Hom verwerp het en dus ~~godloos~~ "boos" en Skepper loos is. 'n Bose gees beteken eintlik dat hulle die afwesigheid van YAH verwelkom, want hulle werke is duister (*In die duisternis*) waarvan YAH Lig is; dus al YAH se werke is in die lig / openlik.

Nou as ons van 'n bose-gees praat, praat ons van YAH se skepsel wat Hom verwerp het en probeer om YAH se skeppinge aan te val en te verbrysel. 'n Bose-gees kan ook genoem word gevalle boodskapper (engel). Hulle gebruik die gevalle seuns van VADER se kinders (demone) om die vuil-werk te doen. Die bose leef van vrees wat deur die werke van die demone gedoen word. Hulle mikpunt is om YAH se skepping tot niet te maak en eie heerskappy daar te stel.

In Gen 2:16 staan : *En YAH ons Skepper het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, 2:17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.*

Nou kom die vraag, maar hoekom ken die boom ("Ha satan") goed en kwaad'? Ons weet die moontlikheid dat die boom wel Ha satan is, en dat hy 'n baie hoë posisie ontvang het, tog onderdanig was aan Adam.

Ha satan het geweet dat kwaad nie voor YAH of VADER kan verskyn nie. Hy weet dat as 'n wetsoortreder voor VADER verskyn daar straf gaan intree. Die straf kan dood inhê en daarom het Ha satan beplan om Adam uit te oorlê en sy heerskappy stop te sit op aarde (Gen.2:16).

Om terug te kom na die vraag hoekom het Ha satan die kennis van kwaad ontvang ?
Is dit omrede ons met 'n Almagtige YAH te doen het! YAH het geweet dat Ha satan homself nie gaan inhou met al daardie kennis nie. Ha satan het geweet met die informasie kon hy berge versit; hy het geweet (*gedink*) dat hy soos YAH kan wees, want hy kon manifesteer in die vleeslike en die geestelike realm. Hy het al die wette *(bekend en onbekend vir ons as mens*) geken as wat Adam nie geken het nie. YAH het geweet van Ha satan se plan voordat Ha satan dit geweet het (Jes. 46:10). YAH het oral keuses vir Sy skeppinge gemaak soos bv.: Die "dier" mag sekere bossies of insekte vreet en sekeres nie; Dit mag op sekere plekke wei en sekere plekke nie; Dit mag net paar, meng en assosieer met sy soort, ens. Die mens weer het 'n keuse om te vermeng met 'dier' of ander rasse wat lyk soos die mens (*anders kleurige*). Hy het die keuse van regte kosse wat geëet mag word en wat nie geëet mag word nie; Hy het die keuse om reg aan te trek, reg te praat en dink en doen. YAH het daardie keuse aan Adam gegee sodat die Adamiet getoets kon word. Deur toets en beproewinge kan ons voor YAH verskyn, nie anders om nie.
Matt. 18:7 Wee die wêreld weens die struikelblokke! Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom. Jer. 6:21; Eseg. 21:15; Sef. 1:3; Matt. 13:41; Luk 17:1

So kan ons baie gevalle in die Skrif uithaal waar YAH iets of iemand toelaat om Sy uitverkore te toets (*Gen. 10:6-20 = Ex.23:23 het YAH die teenparty se hart verhard om vir Sy uitverkore Sy Mag en Krag te wys. Onder die tong wil ek noem dat die mens hom nie moet verhef om wysheid te word nie, maar eerder moet wag vir YAH*).

Soos bo genoem in die Skrif sal jy sien dat YAH die verkeerde (*bose*) gebruik om Sy eie uit te wys dat Hy regverdig en reg is. Hy gee gewoonlik die keuse oor aan ons, sodat ons getoets en beproef kan word. Deur die bose een sal ons leer om skoon en rein anderkant uit te kan kom (Luk. 22:3). Deur die konflik tussen boos en rein bewys YAH vir ons die reg en die goeie.

Nou as YAH nie Sy hand oor Sy skepping hou nie sou Ha satans-werkers lankal die aarde opgemors het. Wanneer YAH nie teenwoordig is nie sal Ha satan en sy engele intree soos die geval van Saul. Die bose gees (engel) wat in Saul gegaan het is toegelaat deur YAH, want YAH het geweet dat Ha satan 'n groot begeerte het om Saul te vernietig. M. a. w toe YAH Sy Gees uit Saul uitvat kom Ha satan se bose dadelik in.

Kom ons kyk na ‘n klompie verse waar YAH met onreinheid en bose werk.

Jes. 45:7 [YAH] wat die lig formeer en die duisternis skep, die redding bewerk en die onreinheid skep: Ek, YAH, is dit wat al hierdie dinge doen. Jer. 32:42 Want so sê YAH: Soos Ek oor hierdie volk gebring het al hierdie groot onreinheid, so bring Ek oor hulle al die goeie wat Ek oor hulle spreek. Amos. 3:6 Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar ‘n onreinheid in die stad voorval as YAH dit nie bewerk het nie? Jer. 11:11 Daarom, so sê YAH: Kyk, Ek bring ‘n onreinheid oor hulle, waaruit hulle nie sal kan uitkom nie; dan sal hulle na My roep, maar Ek sal na hulle nie luister nie. Jer. 14:16 En die volk vir wie hulle profeteer, sal in die strate van Jerusalem weggegooi lê vanweë die hongersnood en die swaard sonder dat iemand hulle begrawe; hulle, hulle vrouens en hulle seuns en hulle dogters. So sal Ek dan hulle boosheid oor hulle uitstort. Jer. 18:11 Sê dan nou tog aan die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem dit: So spreek YAH: Kyk, Ek maak onreinheid gereed teen julle, en Ek dink ‘n plan uit teen julle; bekeer julle tog, elkeen van sy verkeerde weg, en maak julle weë en julle handelinge goed. Jer. 19:3 En jy moet sê: Hoor die woord van YAH, o konings van Juda en inwoners van Jerusalem! So sê YAH van die leërskare, die Skepper van ~~Israel~~ Yashar’EL :Kyk, Ek bring onreinheid oor hierdie plek waarvan elkeen wat dit hoor, se ore sal tuit; [onreinheid = onreine een]

Het julle nou die boodskap ?
Alles behoort aan YAH [*Ex 19:5 As julle dan nou terdeë na My stem luister en My verbond hou, sal julle My eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Hag. 2:8 Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek YAH van die leërskare]* in die hemel, op die aarde en onder die aarde. Hy mag daarmee doen soos Hy wil, want dit behoort aan Hom.

<u>Ter afsluiting.</u>
Duisternis is die afwesigheid van lig. Koue is die afwesigheid van warmte. Boosheid is die afwesigheid van vriendelikheid / mooi / reg / skoon ens. Die gevalle boodskappers het die afwesigheid van YAH, maar is nog steeds YAH sin en weet dat hulle voorland die hel is. Daarom is die begerigheid van die bose om YAH se uitverkore af te breek. Hoekom gee ek dit so deur in kort: YAH het gespreek en dit was so, Dus het YAH geskep deur ‘n opdrag te gee aan die “see” en “aarde” om voor te bring, maar met Adam het YAH fisies geskape. YAH het nie Adam uitgespreek soos die ander skeppinge van Hom nie, maar op die sewende dag klaar gemaak om vir Hom ‘n wese daar te stel om te heers oor Sy skeppinge. YAH het van die stof van die aarde Adam daar gestel en daarom is die bose teen daardie “geskapene”. Lees gerus Gen.2:1-8 en vergelyk dit met Mal.2.14,15.